




WINSTE VERDUBBEL DOG PUBLEK MOET MEER VIR PETROL BETAAL

Waarom is daar 'n toenemende styging in die prys van petrol? Afgesien van die prysverhoging aan die begin van verlede jaar met die doel om petrolverbruik in te kort op 'n stadium toe die regering met rantsoenering gedreig

het, is by elke prysstyging aangekondig dat die oliemaatskappye dit so moeilik vind om aan die lewe te bly.

,VOLK DAARBUIITE' VERGELYK MAAR KARIG BY L.V.'S

Vergoeding
Vir Hoë
Lewenskoste

MINISTERS

In die geval van die ministers is die verhouding aanmerklik hoër. Sedert verlede jaar is £1,200 van 'n minister se £3,000 vrygestel van belasting. Indien 'n minister geen private inkomste het nie, sou hy voorheen £548 aan inkomstebelasting moes betaal het. Vanjaar sal hy net £146 moet betaal en wen hy dus £402. Voeg hierby die £500 wat hom in 1946 toegeken is, dan ontvang 'n minister vandag 'n lewenskostetoelaag van £902 per jaar of £75 per maand.

Dit is in hierdie verband van belang om te weet dat die lewenskostetoelaag wat aan staatsamptenare betaal word in 1945 geneem is as maatstaf vir die toekenning van 'n lewenskostetoelaag aan parlementslede. Volgens Hansard nommer 20 van 1945 (kol. 9867) het die Minister van Finansies by geleentheid van sy voorstel om die £150 toe te voeg gesê:

STAATSDIENS AS MAATSTAF

„'n Staatsamptenaar wat 'n salaris het van £700, kry vandag £98 in die vorm van lewenskostetoelae en £50 in die vorm van 'n spesiale oorlogstoelae. Met ander woorde hy ontvang £148 totaal per (Vervolg op bladsy 6 kolom 1)

Sedert die politici van ons land Suid-Afrika in die oorlog gedompel het twaalf jaar gelede het die geld waarmee Jan Burger sy lewensbenodigdhede moet koop, 'n verminkende waardevermindering ondergaan en ten einde dit vir Jan Burger enigszins moontlik te maak om kop bo water te hou het die regering van die land van tyd tot tyd verpligte lewenskostetoelae voorgeskryf.

'n Vergelyking tussen die toelae wat die staatsamptenaar en die gewone werknemer ontvang met dié wat die werkgewers van die land aan hulself toegeken het, toon 'n merkwaardige verskil — in die geval van getroude staatsamptenare 'n verskil van £12 per maand, in die geval van ongetroude amptenare 'n verskil van £25 en in die geval van werknemers buite die staatsdiens 'n verskil van meer as £22 per maand. Wat ministers betref, is die verskil naby £60 in die geval van amptenare en byna £70 per maand in die geval van gewone werknemers.

Daar word baie gekla oor die hoeveelheid werk wat 'n heden-dagse parlementslede moet doen vir 'n vergoeding wat, volgens hul eie mening „'n miserabele aalmoes" is. Wetlik gesproke kry 'n parlementslede geen salaris nie, dog net 'n „toelaag" wat in 1910 op £400 per jaar vasgestel was. Dit was natuurlik in ooreenstemming met die idee dat die werk van volksverteenvoording in die parlement nie 'n voltydse beroep is nie, maar 'n deeltydse diens waarvoor die persoon 'n redelike vergoeding moes ontvang.

Die partypolitieke stelsel wat ons van Brittanje geërf het, het egter die begrip van volksverteenvoording vervang deur die opvatting van „parlementêre loopbaan" wat die beroeps-politikus of „kofferman" in aansien geroep het. Volksverteenvoording binne hierdie volksvreemde stelsel was nou óf 'n stokperdjie vir ryk renteniers óf 'n voltydse beroep. Diegene

wat dit as 'n beroep aanvaar het, het vanselfsprekend aangedring op steeds hoër vergoeding, netsoos enige ander werknemer agiteer vir hoër lone. Die gevolg was dat, sover dit die Unie betref, die parlementslede toelae later op £700 per jaar vasgestel was.

LEWENSKOSTE

Na die uitbreek van die oorlog, het die lewenskoste begin styg en het parlementslede weereens aangedring op verbetering van hul toestand. 'n Lewenskoste-toelaag van £150 is toe in 1945 toegestaan wat die toelaag of salaris vir gewone lede op £850 te staan gebring het. Die jaar daarop is die toelae vir gewone lede verhoog na £1,000 per jaar, terwyl die salaris van die leier van die opposisie met £1,000 verhoog is na £2,000. Dit was die eerste keer dat daar onderskeid gemaak is ten opsigte van die leier van die opposisie. Die salarisse van die ministers is verhoog van £2,500 na £3,000 en dié van die eerste minister van £3,500 na £4,000.

Deur mnr. J. R. Sullivan is indertyd beswaar gemaak teen hierdie verhoging. Hy het gesê dat dit die plig van die regering was om die lewenskoste omlaag te druk en dat dit dus glad nie pas dat die wetgewers hul eie salarisse verhoog omdat hulle nagelaat het om die oorsaak te verwyder nie.

VERDERE VERBETERING

Verlede jaar het die parlement weereens aandag geskenk aan die posisie van parlementslede in die aangesig van die lewenskoste. Daar is toe besluit om 70 persent van die toelae van gewone lede en 40 persent van die salarisse van ministers vry te stel van belasting. Dit moes dan dien as 'n soort lewenskostetoelaag — natuurlik addisioneel by die £150 wat reeds in 1945 en die verdere £150 wat in 1946 toegestaan is.

Volgens berekening beteken hierdie kwytstelling van belasting dat 'n gewone Kaaplandse lid wat geen private inkomste het nie, vanjaar net £1 aan be-

lasting sal betaal in plaas van £55 soos voorheen — sy belastbare inkomste is naamlik maar £300.

Dit beteken dat die lewenskostetoelaag wat gewone parlementslede ontvang in die vyf jaar sedert die einde van die oorlog gestyg het na £354 per jaar of £29/10/- per maand — vergeleke met die £6/18/8 per maand wat vir gewone werknemers van hierdie inkomstegroep wetlik voorgeskryf word. Dit is ook aansienlik hoër as die toelae wat aan staatsamptenare ter bestryding van die verhoogde lewenskoste betaal word — naamlik £17/6/8 per maand in geval van getroudes en £4/3/4 in die geval van onge-troudes.

WAPENS AAN UNIE VIR OORLOG IN MIDDE-OOSTE

Blykbaar omdat die Unie van Suid-Afrika onderneem het om met sy troepe te help met die verdediging van die Midde-Ooste — in samewerking met Australië en Nu-Seeland, volgens besluit van die Empire-konferensie — het die Verenigde State ingewillig om wapens aan die Unie te verkoop. Die Amerikaanse departement van buitelandse sake het die Kongres verlede week meegedeel dat die Verenigde State binnekort tot hierdie stap bereid sal wees.

Pres. Harry Truman sal in ooreenstemming met artikel 408 van die wet op onderlinge verdediging van 1949 moet verklaar dat die verdediging van Suid-Afrika in belang van die veiligheid van die Verenigde State is voordat wapens aan die Unie verkoop kan word. Daar sal ook 'n uitruiling van notas tussen die Amerikaanse departement van buitelandse sake en die Unieregering moet plaasvind.

Daar word verneem dat die president se verklaring en die wisseling van notas voor die einde van Januarie verwag word.

Die erns van die internasionale toestand het die Verenigde State se besluit na verklaring bespoedig. Die departement van verdediging besef die vegvermoë van die Suid-Afrikaanse ge-

wapende magte en ook die feit dat hulle gouer as enige ander blanke troepe in 'n oorlog na die oostelike Middellandse See gestuur kan word.

Verklaar word dat die departement van verdediging die verklaring deur die Unieregering dat 'n Kommunistiese bedreiging in enige deel van Afrika as 'n bedreiging vir die Unie beskou sal word, na volle waarde skat. Hy besef ook dat Suid-Afrika in tyd van oorlog 'n waardevolle „lug- en seeknoop-punt" is.

Na berig word, het Brittanje ook by die Verenigde State die wenslikheid van verkoop van krygstuig aan Suid-Afrika aanbeveel. Daar is bygevoeg dat die optrede van die Suid-Afrikaanse lugmageskader in Korea 'n indruk op die Amerikaanse departement van verdediging gemaak het.

Toe die prys van petrol in Oktober 1949 met 2d. per gallon verhoog is 'n maand na devaluasie, het die Minister van Ekonomiese Sake 'n verklaring uitgereik waarin hy verduidelik het dat die oliemaatskappye „aansoek gedoen het om 'n verhoging van prys met die bedrag van hul verhoogde koste wat veroorsaak is deur die devaluasie van die pond." Die Minister het voorts verklaar dat hy hom oortuig het dat die wêreldprys van olieprodukte ook uit die sterlinggebied gestyg het en dat 'n verhoging dus onvermydelik is, en dat dit onregverdig sal wees om van die oliemaatskappye te verwag om hul produkte te verkoop teen die aansienlike verlies wat die huidige pryse meebring.

„KAN NIE BESTAAN"

Toe die petrolprys op 11 Desember verlede jaar weereens verhoog is, het die regeringspers verklaar dat die oliemaatskappye „al 'n hele paar maande lank" aandrang op 'n verhoging. „Hulle sou met die klein wins van die laaste tyd nie 'n behoorlike bestaan kan maak nie", het dit gelui.

Verlede week is uit Londen berig dat een van die groot oliemaatskappye 'n tussentydse diwidend verklaar het wat dubbel so groot is as die vorige. „Dit gee hoop op 'n dubbele totale verdeling teen 15 persent vir die jaar", aldus die berig.

GEVOLGTREKKING

Die vraag wat die publiek op hierdie nuusbrokkie sal wil stel, is:

Indien een van die grootste olie-groepe vir die afgelope jaar so 'n aansienlike wins toon dat hy 'n diwidend kan uitkeer wat dubbel so groot is as die van die jaar voor devaluasie, hoe rym dit met die klaaglied dat die oliemaatskappye met die klein wins van die laaste tyd nie 'n behoorlike bestaan kan maak nie?

Die verdere afleiding is dat die regering beter ondersoek sal moet instel na die sake van besigheidsondernemings voordat hy verhoogde pryse toestaan. Dit is erg genoeg dat die amp-telike strewende blykbaar is om die winsgrense van voor die oorlog deur produsente en middelmannen te handhaaf en sodoende die las van die stygende lewenskoste op die gewone verbruiker alleen af te skuif, maar wanneer die winsgrense nog verdubbel word in 'n tyd wanneer die groot volksmassas se voedselbegrotings nie meer wil klop nie, is op sy minste gesê 'n openbare skandaal.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Kommunisme Gevolg Van Kapitalisme Sê Perón

„Kommunisme is geen oorsaak nie. Kommunisme is 'n reaksie teen die kapitaliste, sodat indien Kommunisme moet verdwyn, kapitalisme eerste sal moet verdwyn", het Juan Perón, president van Argentinië, in 'n toespraak gesê.

Hy het verklaar dat die kapitalistiese stelsel in die negentiende en twintigste eeue sonder twyfel die vloek van die mensheid was waardeur die een mens die ander mens uitgebuit het tesame met al die misbruike wat dit baar — die vergryp van vryheid, aan eiendom, vergrype van allerlei aard wat die wêreld geleidelik tot die Kommunisme. Want die Kommunisme is geen oorsaak nie, maar 'n reaksie teen die kapitaliste, sodat indien die Kommunisme moet verdwyn, kapitalisme eerste sal moet verdwyn.

DIE O.B., WOENSDAG, 17 JANUARIE 1951

HOË DIWIDENDE OOK VIR STALIN

Die Westerse wêreld het 'n stryd om lewe of dood aangeknoop en die eise wat pres. Truman verlede week aan die Amerikaanse Kongres gestel het in verband met bewapening en mobilasie is 'n aanduiding van die gewigtigheid van die oomblik waarin ons lewe. Die vyand is nie net die gemilitariseerde Rusland met sy Kommunistiese handlangers in die Verre Ooste nie. Deur ook maatreëls aan te kondig vir die stabilisasie van pryse en huur en die versekering van gesonde arbeidsverhoudings, het die president terselfdertyd met die vinger gewys op 'n belangrike vyand waarmee elke kapitalistiese land te kampe het en wat in enige uitgerekte oorlog in steeds groter mate die bondgenoot van Josef Stalin sal word. Dit is naamlik die ekonomiese vraagstuk wat die Westerse volke vandag veral pynig in die vorm van hoë lewenskoste.

Die stygende pryse het reeds 'n peil bereik waar die salaris- en loontrekker die vraag begin stel of 'n depressie nie 'n uitkoms sal wees nie. Hulle sien nie meer kans vir die stryd teen hoë lewenskoste nie en meen dat daar geen verskil is tussen 'n toestand waarin die noodsaaklike dinge van die lewe nie meer met 'n groot salaris gekoop kan word nie en een waarin 'n klein inkomste nie toereikend is om in die noodsaaklike behoeftes van die lewe te voorsien nie, en omdat die mens nou eenmaal so aangelê is dat hy — ten spyte van die spreekwoord wat die teenoorgestelde aanbeveel — die euwel wat hy nie ken nie verkies bo die euwel waarmee hy te kampe het, sal die regerings van die Weste hulle moet voorberei op toenemende ontevredenheid en ekonomiese onrus in hul geledere. En waar die Westerse demokrasieë per slot van rekening niks het om hul volke aan te bied behalwe die vooruitsig op nog groter inflasie wat moet volg op 'n nuwe oorlog, bestaan die gevaar dat hulle wel nog 'n oorlog mag wen maar die vrede meer beslissend sal verloor as die huidige. Dit is 'n gevaar wat nie genoeg beklemtoon kan word nie, maar waaraan ongelukkig heel weinig gedoen word.

ONEWEREDIGE RAS

Dit is 'n opvallende feit dat behalwe in sover deur middel van belastings sekere besnoeiings aan groot inkomstes gedoen word, die prysbeheer, waaraan selfs die mees kapitalistiese land meedoen, van so 'n aard is dat die druk van die lewenskoste hoofsaaklik, indien nie uitsluitend nie, op die salaris- en loontrekker afgeskuif is. Nyweraars, handelaars, boere, kontrakteurs, ens. was nog altyd min of meer in die posisie van 'n kurkprop wat saam met die stygende vloed omhoog gedru is. Die water het nie teen hulle opgestoot soos dit vandag dreig om die werkersgroep te oorspoel nie. Daar word redes aangevoer waarom dit so moet wees. Private onderneming en produksie moet aangemoedig word, ook deur aanloklike beleggingsmoontlikhede.

Dit mag waar wees, maar die feit bly dat die lewenskoste baie oneweredig oor die bevolking versprei is en dat dit 'n gevaarlike toestand skep. By die broodwinner wat elke dag verder na benede gly verwek dit wrewel om berigte te lees van maatskappye wat steeds groter en groter diwendende betaal onderwyl die produkte van daardie ondernemings elke maand duurder word. Wanneer, soos so pas in Engeland aangekondig, sementfabrieke diwendende van 27½ persent uitkeer terwyl die prys van sement 'n groot bydrae gelewer het tot die verhoogde pryse van huise, dan is dit nie bevorderlik vir daardie gees van weerstand by die deursnee burger wat nodig is in die stryd teen die Kommunisme nie.

Waar die gangbare ekonomiese stelsel vir sy voortgang afhanklik is van private beleggings, kan natuurlik nie verwag word dat daar geen winste moet wees nie. Maar dit is op die lang duur in belang van die ondernemings self om hul winste binne perke te hou, en dit is sekerlik 'n saak van uiterste belang vir die regerings om toe te sien dat buitensporige winste nie gemaak word nie. Daar is mense in die nywerheid self wat toegee dat 'n diwendende nie hoër as 7½ persent behoort te wees nie. Dit is 'n billike rente op enige belegging en al wat dit meer is, getuig dit van uitbuiting van die publiek in een of ander vorm.

Wanneer elkeen, van die man in die straat tot die politieke leiers, praat van die ondergang wat die „Westerse beskawing” bedreig, dan lyk dit so uiters vrugtelos en dwaas dat daar 'n ekonomiese stelsel gehandhaaf word waarin 'n minderheid van die bevolking toegelaat word om die laste van die lewe in die stryd om die „Westerse beskawing” eenvoudig af te skuif op diegene wat dit die minste kan bekostig — te meer waar hierdie afskuiwing moet uitloop op 'n positiewe bydrae tot die magte wat die ondergang van die Weste beoog.

Daarom stem ons heeltemal saam met die Argentynse president dat indien Kommunisme moet verdwyn, kapitalisme eerste sal moet verdwyn.

Van Die Os Op Die Esel

Onvergelyklike Ellende

Ek glo nie dat daar al ooit 'n tydperk in die wêreld se geskiedenis was dat soveel miljoene mense vir soveel jare soveel onvergelyklike ellende moes verduur soos wat die ongelukkige miljoene wat in kommunistiese lande leef in die twintigste eeu moet verduur nie.

Ons aardbol is verdeel in 'n donker of kommunistiese kant en 'n ligte of nie-kommunistiese kant.

In kommunistiese Rusland en sy verowerde satellietlande vergaan daar miljoene manne en vroue — wesens na die ewebeeld van God geskape — op onbarmhartige wyse en onder die ellendigste omstandighede in arbeidskampe en tronke. En hul sonde is dat hulle op een of ander stadium iets gesê het wat hul kommunistiese heersers nie aanstaan nie; of verowerdes is; of daarvan verdink word dat hulle politiek of godsdienstige oortuigings huldig wat nie godloërnary of kommunisme is nie.

In daardie kommunistiese lande voer nog meer miljoene mense 'n lewe wat so bitter is soos gal. Hulle is letterlik die slawe van die wredeste en koelbloedigste diktatuur wat die wêreld nog ooit geken het. Vryheid ken hulle nie; reg bestaan nie; vrye tyd en ongehinderde ontspanning word hulle nie gegun nie; selfs genoeg van die kos wat hulle produseer kry hulle nie om te eet nie — dit word gebruik om oorlogswapens te koop waarmee hulle nog meer slawe moet gaan verower.

Wellusteling en Sadis

Maar in dieselfde kommunistiese lande leef die heersersklas — die kommuniste en diegene wat by hulle inkruip — in onbeheersde weelde. Selfs nie eers die adellui van die middeleeue het so 'n heerlike lewe gevoer soos 'n moderne kommunistiese burokraat in 'n satelliet-land nie. Dit gaan glo maar altyd so as niets tot iets kom. Dit word vertel in die demokratiese wêreld se koerante dat Josef Stalin se seun, wat 'n produk is van die hoogste sosiale kring van die kommunistiese heersersklas — die Kremlin-kring — so 'n sadistiese wellusteling is dat selfs hooggeplaaste kommuniste dit nie waag om hul dogters na 'n openbare funksie te neem waar diktator Stalin se seun ook teenwoordig sal wees nie.

Omdat lewensomstandighede en toestande in die kommunistiese helfte van die wêreld deur die despotiese heersers daarvan streng geheim gehou word wonder ordentlike mense of die beeld (natuurlik heeltemal onvolledig) wat ek in die vorige paragraaf daarvan probeer skilder het, juis kan wees. Dit is so wreed en onmenslik. En tog het ek maar net die gelewerde getuienis weergegee van regerings se inligtingsdiens; van betroubare onafhanklike waarnemers; van oplettende koerantmanne; en van ontnugterde kommuniste wat gelukkig genoeg was om lewendig uit die sogenaamde „werkersparadys” te kon vlug. As redelike mens aanvaar ek getuienis wat oor en oor gestaaf word; en derhalwe glo ek dat toestande in Rusland en in die ander kommunistiese lande oneindig ellendiger is as wat die paar paragrawe wat ek hierbo neergeskryf het laat vermoed.

Slagoffer of Vyand

Ek verwonder my dus daaraan dat die leiers van die nie-kommunistiese helfte van die

Deur Sybrand

wêreld nog op sprekende voet verkeer met die bewerkers van die onvergelyklike kommunistiese ellende.

Indien dit enige betekenis het om met die kommuniste van die twintigste eeu te onderhandel dan het dit ook vir die nie-kommunistiese wêreld betekenis om diplomatieke betrekkinge met die kommuniste te handhaaf en op sprekende voet met hulle te verkeer. Maar die kommuniste ken net mede-kommuniste, handlangers, arbeiderslave in kampe en tronke, en dooie mense. Vir die nie-kommuniste baat dit hoegenaamd niks om met die kommuniste te redeneer nie — hy is of hulle slagoffer of hulle vyand.

Ek lees in die koerante dat die Eerste Ministers van die Britse Statebondslende wat in Londen vergader het, glo dat die wêreldvrede gehandhaaf kan word en dat hulle ten gunste is van samesprekings met kommunistiese Rusland en Sjina.

Dit wil my voorkom asof 'n woordjie van waarskuwing aan Sy Majesteit se Eerste Ministers nie onvanpas sal wees nie. Die les wat te leer is uit gebeurtenisse van die jongste verlede in verskeie Balkanlande mag nie vergeet word nie. Roep maar net die geval van Tsjeggo-Slowakye in herinnering.

Isoleer die Kommuniste

Toe die kommuniste in daardie land gekom het, het hulle drie groepe daar aangetref. Hulle handlangers — die ou kommunistiese vyfde kolonne; hulle vyande — die nasionaalgesindes; en die demokratiese sosialiste en ander liberaliste wat die goue middeleg tussen handlangerskap en vyandskap wou volg. In 'n verbysterende kort tydjie het die middelegters gevind dat hulle die eerste slagoffers van die kommuniste geword het! Soos alle boelies karnuffel die kommuniste eerste diegene wat die geringste kruipgebaartjie teenoor hulle maak!

Ek is van mening dat die Eerste Ministers lievers samesprekings met adm. Dönitz, die leier van die Duitse volk en met genl. Franco, die leier van die Spaanse, moes aanbeveel het oor Europese eenheid en herbe wapening. Ek hou vol dat as die nie-kommunistiese volke hul geskille kan bylê; 'n eenheid van gelykwaardiges kan skep; hulle self tot die tande toe bewapen en uitrus — dan kan die kommuniste miskien nog sonder 'n oorlog op hul plek gesit word. Maar dan moet die kommuniste nie in hul kwaad gesterk word deur hulle as wafferse leiers te behandel nie — met wie onderhandel moet word en wat in die raadsale van die wêreld ontvang moet word nie. Dan moet hulle op hul plek gesit word en vermy en verag word vir die wreedaards wat hulle is.

Die Politieke Ouditeurs

Ek is baie dank verskuldig aan my leser „Aldejee” vir sy vriendelike wense aan my en sy waardering vir die stryd wat gestry word. Hy skryf:

„My wens is dat u seer veel gebaat het uit die paar weke van niksdoen en kragte opgedoen het vir aanwending in diens van die ontsettende groot aantal volksgenote wat, met die hoed in die hand, die oë opslaan na die magtige partyleiers om die teenvoeter te vind vir die Kommunistiese Bulldozer.

„Nooit soos tans het ek die waarde besef van die bewegings O.B. en N.O. Hulle is die politieke ouditeurs.

Die Persoonsbelangrikheid

„My vreugde in die feesgety het bestaan uit 'n bokwagragvol seënswense. Dit gee darem maar 'n lekker gevoel af as 'n mens eenkeer per jaar onder die importante mensdom gereken word. Die feesdae het ek — ook die dae tussenin — op my landgoed, wat 'n agste van 'n morg beslaan, deurgebring; grootliks tot my verdriet want ek het niks van my appelloos- en perskedragte kon geniet nie omdat my bure te jammerhartig teenoor die vrugtevlies staan. Plase toe het ek nie gery nie want ek wil nie as vrugtevlies in verdenking staan nie. Ek het my plaasvriende toe ook my goeie wense per pos betuig en met die resiproserende feeswense het die persoonsbelangrikheid geweldig toegeneem om deur rykmense erken te word.

Kwikkies en Immigrante

„In my tuin doen ek, egter, gemoedelike aandoenings op, waaronder die aansienlike aanwas in die kwikstertfamilie. Tot 'n jaar gelede het die getalsterkte so afgeneem dat Twiet-Twiet, Stompvoet en Tweekoon al geselskap was wat orgebly het. Die voortbestaan van die groenteverbouer se beste vriend was bedreig deur die mees ongewenste onder ons immigrante, die Argentynse mier.

„Die bestuiwing egter van selfs die stamme van straatbome in my woonbuurt met insekddodende poeierstowwe het die uitwerking dat die babavoëltjies teen die verslindingstogte van die mier-immigrant bestand is. Ek tel nou op waterleidae 'n twaalfstal kwikkies i.p.v. drie, en dit is 'n aardigheid om te sien hoe hulle krieke, sny- en ander wurms wegdra nessies toe.

„Ag, hoe aangenaam sal dit wees om die jong volksgenote van 13 en 14 jaar werk toe te sien stap, bors uitgestoot, om broodwinners te wees. Dink net daaraan dat vir die 25,000 immigrante wat vir die uitbou van ons nywerhede moet kom sorg, woonplekke — nessies — opgerig moet word. Maar, moet ons dan nie vir ons jong opwassendes huise bou nie?

(vervolg op bladsy 4 kolom 5)

TOESPRAAK

KOMMANDANT-GENERAAL

Wat gelewer is by die opening van die Uniale Laertrek. Nou verkrygbaar in pamfletvorm teen 1/- per dosyn.

Bestel by:

Posbus 1411, Kaapstad.

Posbus 1059, Pretoria.

Voorraad beperk. Bestel dadelik.

TYDELIKE VOORSPRONG VIR AFRIKAANS: NADELE VAN STADSLEWE SIGBAAR

Die tien jaar tussen 1936 en 1946 het 'n aansienlike toename in die gunstige verhouding van die Afrikaanssprekende teenoor die Engels-sprekende bevolkingsdele in die Unie teweeggebring. As daarop gelet word dat die verhoudings in 1936 in elke jonger taalgroep gunstiger was vir die Afrikaner en dat die onder-sewe-groep van destyds — waarin die verhouding ongeveer 2.15 tot 1 was — tans die hubare ouderdom begin bereik, kan verwag word dat die voorsprong van die Afrikaanssprekendes nog aansienlik in die nabye toekoms sal toeneem sover dit natuurlike aanwas betref.

Ongelukkig is die uitwerking van verstedeling op die Afrikaanse groep reeds merkbaar, sodat die stygende neiging nie vir lank nog volgehou sal word nie. Reeds toon die sensus van 1946 dat die Afrikaanssprekende oorwig in die onder-sewe-groep met ongeveer .15 persent gedaal het.

Die indeling van die bevolking volgens huistaal ná die volkstelling van 1946 is so juis uitgewerk. Daarvolgens het die Unie 'n blanke bevolking van 2,372,690 gehad. Van hierdie mense het 1,359,704 Afrikaans as huistaal opgegee. Dit is heelwat meer as die helfte. Die getal wat Engels as huistaal opgegee het, is 933,812.

Daar was dus 'n meerderheid van 426,000 wat Afrikaans in die huis gebruik. Tien jaar tevore by die volkstelling van 1936 was die getal wat Afrikaans as huistaal opgegee het, 1,120,000 en dié met Engels as huistaal 783,000. Die voorsprong van die Afrikaanssprekendes was destyds dus 337,000 of amper honderdduisend minder as in 1946.

Kaapland het volgens die jongste volkstelling 512,000 mense met Afrikaans as huistaal gehad en 337,000 met Engels. Die verhouding was dus ongeveer drie teen twee.

In Transvaal was 621,000 met Afrikaans as huistaal teenoor 397,000 met Engels. In daardie provinsie was die verhouding dus effens meer as drie teen twee in die Afrikaanssprekende se guns.

In die Vrystaat was die verhouding ongeveer agt teen een, met 175,000 Afrikaanssprekendes teenoor 24,000 Engelssprekendes.

Natal was die enigste provinsie met 'n Engelssprekende oorwig, naamlik van 178,000 teenoor 52,000 Afrikaanssprekendes. Byna een-derde van die Natal-

lers was dus Afrikaanssprekend.

Onder die kinders jonger as sewe jaar wat in 1946 in Kaapland en Transvaal opgegee is, was dié in Afrikaanssprekende huise meer as dubbel soveel as dié in Engelssprekende huisgesinne.

Wat die land as geheel betref, was die kinders benede sewe jaar in Afrikaanse gesinne byna dubbel soveel as dié in Engels-sprekende huise. Van die totaal-getal kinders benede sewe jaar was 120,000 Engelssprekend en byna 240,000 Afrikaanssprekend.

MINDER

Tien jaar tevore was dit 90,800 en 195,300 onderskeidelik — dit wil sê waar die verhouding toe meer as twee teen een was in die guns van die Afrikaanssprekendes, is dit nou 'n rapsie minder as twee teen een. Dit blyk dan ook dat die Engelse in hierdie groep met byna 32 persent toegeneem het teenoor 'n toename van nog nie 24 persent aan Afrikaanse kant nie. Hierdie agteruitgang is ongetwyfeld 'n gevolg van die groter verstedeliking van die Afrikaner waar hoë huishuur en die woonstelsel leefwyse gesinne tot 'n minimum beperk.

In Kaapland was daar byna 42,000 kinders benede sewe jaar in Engelse gesinne en byna 84,000 in Afrikaanse gesinne. In Transvaal was die getalle 55,000 jong kinders in Engelse gesinne en 118,000 in Afrikaanse gesinne.

In Natal het die getal Afrikaanssprekende kinders aangegroei tot byna die helfte van die Engelssprekende kinders. In daardie provinsie was naamlik ruim 9,000 kinders benede sewe jaar in Afrikaanse gesinne teenoor 21,000 in Engelssprekende gesinne.

NEEM AF

In die Vrystaat was die oorwig van Afrikaanssprekendes byna tien teen een onder die kinders benede sewe jaar, naamlik ruim 28,000 Afrikaanssprekendes teenoor byna 3,000 Engelssprekendes.

Daar was 'n betreklik klein getal mense wat by die volkstelling opgegee het dat hul huistaal sowel Afrikaans as Engels is. Daar was 29,800 diesulkes in die land. Hierdie getal is aan die afneem. In die volkstelling van 1936, tien jaar vroeër, het 50,000 vermeld dat hulle albei tale in die huis gebruik.

Van die mense wat in 1946 'n vreemde taal as huistaal opgegee het, was die Duitssprekendes die grootste groep. Hul getal was 14,984. Daarop het gevolg dié wat Jiddiesj of Hebreeus in die huis gebruik. Hulle het 14,045 getel. Die Nederlandssprekendes het 6,095 getel, die Griekssprekendes 3,139, die Portugeessprekendes 2,618, die Franssprekendes 1,981 en die Italiaanssprekendes 1,739.

RUSSE HET NOU 35 ATOOMBOMME—300 TEEN 1954

Die vraag oor hoeveel atoombomme Rusland reeds beskik, word behandel in die jongste uitgawe van Intelligence Digest — die blad wat agt maande vooruit voorspel het wanneer die Russe hul eerste atoombom sou laat ontplof.

Die blad verklaar dat die skattings, gebaseer op die geraamde produksie van die Duits-Tsjeggiese uraan-myne, dat Rusland teen 1955 300 atoombomme sal hê, 'n onderskatting is. Hierdie syfer sal reeds in 1954 bereik word op sy laaste. Slegs ongeveer een-derde van Rusland se uraan kom uit Duits-Tsjeggiese myne — die res kom uit Rusland self. Die huidige voorraad bomme is waarskynlik nie meer as 35 nie, maar die produksie sal binnekort aansienlik styg. Die Sowjet se atoomkommissie het so pas een van sy beste deskundiges, professor Golobstoff, na Sjina gestuur om die Russies-Sjinese onderneming in verband met die soek na meer uraan te koördineer.

Die verklaring in Washington dat daar gemeen word dat Rusland tussen 70 en 100 atoombomme het, word ook beskryf as in stryd met die inligting waaroor die blad beskik. Die Sowjet produseer reeds sedert September 1949 vier atoombomme per maand, maar meer bomme is vir proefnemings gebruik as wat die Amerikaners of Engelse van weet of wil toegee. Gevolglik het Rusland ongeveer 35 atoombomme.

Die blad verklaar dat hy hierdie inligting van soveel belang geag het dat hy dit drie weke voordat hy ter perse gegaan het beskikbaar gestel het aan die

pers, maar nie een enkele groot Britse koerant het die inligting gepubliseer nie.

Gruwelstories Onwaar Sê Regter

Meer as een gruwelstorie omtrent die Duitsers gedurende die afgelope oorlog is in die jongste tyd as leuens aan die kaak gestel. Die jongste geval is die wydverspreide verhaal dat die vrou van die kamp-kommandant van Buchenwald, Ilse Koch, gevangenes se velle laat afslag het om lampskermes daarvan te maak. Sy is deur die Neurenbergse hof 'n lewenslange vonnis opgelê, maar na twee jaar is sy deur die Amerikaners vrygelaat — blykbaar omdat die getuienis teen haar in hersiening geneem is.

Onlangs is sy voor 'n Duitse hof in Augsburg opnuut van talryke moorde aangekla. Regter Maginot het die hof verlede week meegedeel dat nie een van 250 getuienis tydens haar verhoor kon bewys dat 'n enkele gevangene in Buchenwald vermoor is terwille van sy vel nie. In die Geallieerde pers het indertyd selfs foto's verskyn van lampskermes wat van mensvel gemaak sou gewees het!

Tot verlede week is reeds 93 van 120 aanklagte teen Koch teruggetrek.

Fabrieke Onder Toesig Van Masjiene

Die opkoms van die meganiese brein en die uitwerking daarvan op die samelewing is 'n saak wat sommige denkers begin pla. Die wetenskap het in die jongste tyd met groot skredes gevorder op die gebied van elektroniese masjiene wat verstandelike werk kan doen, baie deegliker en vinniger as die mens. Waar dit die geval is, is dit vanselfsprekend dat die mens sal moet plek maak vir die nuwe masjiemens wanneer dit neerkom op ponde sjielings en pennies.

'n Tyd gelede het 'n Amerikaanse professor, Norbert Wiener, gewaarsku dat ons op die drumpel staan van 'n tydperk waar daar outomatiese fabriek sal wees onder beheer van meganiese „breine”, en dat hierdie revolusie so vinnig sal intree dat daar geen tyd sal wees vir doeltreffende oorpasing van die menslike werkkragte wat hulle vervang nie. Veral sal dit gebeur in geval van 'n derde wêreldoorlog wanneer die leërmagte groot getalle soldate nodig het en maksimum-produksie van die fabriek vereis word. Hierdie meganiese werkkragte sal weens hul deeglikheid en goedkoper arbeid hul werk na die oorlog behou.

VINNIGE KLERK

Die bestuurder van 'n fabriek wat hom toelê op die vervaardiging van meganiese breine het gesê dat hulle 'n masjien het wat die werk van rekenkierke kan doen.

By die opstelling van betaalstate byvoorbeeld waar rekening gehou moet word met gegewens soos die belasting, pensioen, loon, aantal werksure ens. van elke werknemer kan die masjien 'n betaalstaat ten opsigte van 10,000 werknemers binne 40 minute saamstel.

Daar word op gewys dat masjiene reeds in staat is om

die meeste handelinge te verrig van mense wat toesig hou oor produksie. Hulle kan feite waarneem en op grond daarvan tot gevolgtrekkings raak. Hulle kan feite onthou en op grond van hul herinnerings handel. Hulle kan oor enige afstand outomaties kontak maak en ander masjiene in beweging sit. Hulle kan masjiene dophou, hulle foutte herstel en in enige stadium verslag doen.

BUSINSPEKTEUR

In die verband is dit interessant om te weet dat sekere busmaatskappye in ons land reeds gebruik maak van instrumente in die busse wat 'n volledige rekord hou van wat die busbestuurder doen. Selfs maande na 'n gebeurtenis is die outoriteite in staat om haarfyn vas te stel wat 'n bestuurder op daardie bepaalde oomblik gedoen het en hoe vinnig hy gery het. Hierdie instrument, hoewel nog elementêr, is die voorloper van die meganiese businspekteur van die toekoms.

Volgens berekening van sekere gesaghebbendes sal masjiene in staat wees om meer as driekwart van die gewone fabriekswerkers te vervang en een-vyfde van die klerklike personeel. In Amerika kan daar binne tien jaar meer as 7 miljoen werkers deur hierdie soort masjiene vervang wees.



„Elke Sigaret 'n Meesterstuk”

Rembrandt-sigarette lyk goed, voel goed, smaak goed en rook goed.

Lank reeds is die uitsoek-tabak wat nou in Rembrandt-sigarette gebruik word sorgvuldig weggeleë om te verouder want net soos wyn het tabak ouderdom nodig om tot volle rypheid te kom.

Daarom het so baie rokers oorgeslaan na

Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK
WIT VIR FILTER

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook”

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensking, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertisings:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.
Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOESLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

GEBORTE

Van den Heever.—Op 22 Des. 'n fris seun aan dr. en mev. A. A. van den Heever van Colesberg. 17/1/1B

HUWELIK

VILJOEN — FERGUSON. — Die huwelik van Micha, oudste dogter van mev. V. Ferguson, vroeër van Bellville, en Antoon Viljoen van Johannesburg, was voltrek op 6 Jan. te Kempton Park. 17/1/1B

DOODBERIG

ROUX.—Skielik heengegaan op sy plaas „De Hoop” op Dinsdag, 19 Desember, my dierbare broer Paul (Bully), in die ouderdom van 49 jaar. Ons swyg. O Heer, dit was U wil. Diep betreur deur sy suster Bettie, Di Rialto, S. Paarl. 17/1/1B

SAAL GEVRA

Nuwe of goeie tweedehandse „Cowboy”-saal, stuur volle besonderhede en prys aan: S. Bekker, Kleinfontein, Tarkastad. 10/1/2B

TE KOOP

Tien gekruide Duitse merino rammetjies van geregistreerde vaders. Bel 6811, Wellington. Telegrafer Du Toit, Malanastasie. 4/10/19B

Voortrekkerkispak (No. 4) geskik vir feesgeleenthede. Pas persoon van 5 voet 9 dm., £10 of redelike aanbod. Skryf aan — „Werkloos”, Posbus 1411, Kaapstad. T.K.

PLANNE OM GELD TE MAAK

255 Planne om geld te maak. Toon hoe u maklik in u vrye tyd geld kan verdien. Gefrankeerde koevert besorg gratis inligting. Skryf aan: Posbus 16, O.B., Robinson. Tvl. 17/1/6

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyster sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 6/12/5

VERVOERDIENS

Vir algemene karweierk en ook vervoer van mense tree in verbinding met

J. A. STRAUSS

Posbus 64 - - Telefoon 9-3355
P A R O W

Was U Ook By Die Ossewaens?

- Het u ook gevoel hoe dit smaak wanneer Afrikaners saam verkeer as VOLKSGENOTE in plaas van PARTY-GENOTE?
- Het u ook gesien tot watter hoogtes ons volk in staat is wanneer hy die verlamende en verstikkende partypolitiek opsy skuif?
- Het u ook die bloed in u are voel bruis by die besef dat u besig is met iets wat aan u vaders behoort het?
- Wil u graag hierdie toestand laat terugkeer en dit vir die toekoms bestendig?
- Dan moet u ywer vir die herstel van die Afrikaner se EIE STAATSTELSEL op die grondslae deur ons vaders gelê.
- Daarmee kan u help deur nog 'n leser van DIE O.B. te wen.
- As elke leser nog een nuwe hierdie week bybring, is u krag aanstaande week verdubbel!

Intekenvorm

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B.” tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

.....vir die eerste.....maande.

NAAM.....
(Naam en Adres in Blokketters)

POSADRES.....

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Ander Se Menings

Wil Engelse Bevry Van Boere - Heerskappy

'n Pleidooi vir die stigting van 'n Brits-Suid-Afrikaanse beweging om Britse Suid-Afrikaners vry te maak van „oorheersing deur Afrikaners” word in die maandblad „The British Africa Monthly” gedoen. Die blad vra of ten aansien van die feit dat die Union Jack in twee uit die vier provinsies vir meer as 'n eeu gewapper het en byna veertig persent van die blanke bevolking Engelssprekend is, en die Kleurlinge en natuurlike oorwegend pro-brits is, alles maar aan die republikeine goedsmoeds uitgelewer moet word?

„Nadat ons 150 jaar lank geprobeer het om met die Boere klaar te kom, nadat ons veertig jaar lank geprobeer het om in 'n aangename gees in dieselfde staat saam met hulle te leef, kan nie ontevrede word nie (behalwe dié wat nou self halwe Afrikaners is) dat dit taamlik hopeloos is. Wat daar te eis was, het hulle geëis; waar daar toegegee is, het ons toegegee.”

Die veranderings wat sedert die begin van hierdie eeu, „toe dit nog 'n Britse land was,” ingetree het, is byna ongelooflik. „Met onsteltnis kan die vraag gestel word: „Wie het die Anglo-Boere-oorlog gewen?” Die blad sê dat dit waar is dat die Engelssprekendes in die minderheid is, „miskien 'n permanente minderheid. Maar byna elke minderheid in die moderne wêreld het sy vryheid verwerf.” As voorbeelde verwys die tydskrif na die Iere, die Grieke, die Israeliete en die Bulgare en voeg daaraan toe: „Wat hulle gedoen het, kan ons tog seker ook doen.”

RYKDOM

En voortgaande: „Ons het rykdom, ons het vriende en potensiële bondgenote, onderwyl ons teenstanders (afgesien van 'n handjievol ryk boere) dorpsprokureurs, ploegbase, spoorwegwerkers, staatskoolonderwysers, klerke in die staatsdiens, trembestuurders en buskondukteurs is. Kan ons onself dan nie teen sulke mense handhaaf nie? Dit is nutteloos om te paai.”

Talle nasionale groepe, aldus die tydskrif, het gedurende die afgelope eeu emansipasie verkry. Inderdaad is die geskiedenis van ons tyd grootliks dié van volke wat hulleself van tirannie eg of ingebeeld, groot of klein, bevry het. Indië, Ceylon en Birma regeer tans hulleself. Amerika en Nederland het die Filippyne en Indonesië laat vaar, Brittanje het Ierland prysgegee en die Boere-republieke aan die Afrikaners teruggegee — met Natal en Kaapland bygevoeg — en is blykbaar voornemens om hulle uit Wes-Afrika en Wes-Indië te onttrek.

BEWEGING

„Die Britte het die geesdrif verloor om ander mense tot hulle eie beswil te regeer. Dit is geen rede waarom 'n miljoen Britse Suid-Afrikaners hulleself moet opoffer nie.”

Die tydskrif vra hoe die klein staatjies, baie van hulle arm en

sonder militêre bronne, dit reggekry het om van hulle sterk base los te kom. „Soms deur oorlog — soos die Balkan-lande; soms deur politieke agitatie en rebellie, soos die Iere; soms deur die verwerping van steun van kragtige buitelandse state deur propaganda en oortuigingswerk; soms deur hulle so 'n ondraaglike las te maak dat die besturende mag bly was om van hulle ontslae te raak; soms deur wydverspreide burgerlike ongehoorsaamheid wat regering moeilik of onmoontlik maak.”

The British Africa Monthly verklaar dat „geweldpleging nie nodig is nie. Wat ons nodig het, is 'n Brits-Suid-Afrikaanse beweging.”

Sê Naturelle Gaan Hul Eise Vermeerder

„Die regering het in die afgelope tyd op geesdriftige wyse 'n veldtog gevoer „om die blanke beskawing te red,” het S. P. Sesedi, voorsitter van die kongres van adviserende rade van natuurlike-lukasies op Ermelo verklaar.

„Ek vra myself af,” het hy gesê, „wat dit dan is wat die blanke beskawing bedreig dat hierdie patetiese hulpgeroep ontstaan. Wie is die vyande van die blanke beskawing? Het die blanke beskawing skielik sy mag en krag tot so 'n mate verloor dat hy aan homself moet wanhoop? Nadat ek die hele situasie deeglik ondersoek het, het ek tot die oortuiging geraak dat die hele veldtog om die blanke beskawing te red blote sentiment is, dat die sogenaamde vyande net in die verbeelding bestaan en dat die vrees onnodig is.

„Ek sien hierdie veldtog as 'n rookskerm om die natuur van sy pad af te laat dwaal en om hom te vervreem van sy eise vir menslike regte. Die blanke beskawing verkeer in geen gevaar nie en dit word hoegenaamd nie bedreig nie. Wat verwag word, is dat die blanke beskawing sy pligte teenoor die natuurlike moet nakom en aan hulle regte en vryhede moet skenk; en dat hy moet ophou om die natuur te onderdruk en te verneder. Ons natuurlike sal ons nie laat mislei nie; intendeel ons sal ons eise vir menslike regte vermeerder.

Geen Samewerking Met Blankes

„In 1949 het die natuurlike-volke die pad van nie-samewerking met die blankes gekies,” het dr. J. S. Moroka, voorsitter van die African National Congres, tydens die 38ste byeenkoms by die liggaam in Bloemfontein verklaar.

„Hulle was verplig om dit te doen as 'n eerste stap om die natuurlike-volke te organiseer vir die bereiking van hul eie be-

stemming en vir die verwerping van daardie fopspeen natuurlike-rade, wat 'n produk is van die behedige brein van die aarts Britse imperialis Cecil Rhodes. Hierdeur het hulle blanke baasskap verwerp en 'n begin gemaak om die natuurlike-volke te organiseer in hulle eie instellings en populêre bevrydingsbewegings.

ONGELYKE VENNOTE

„Sedert die verowering van Afrika deur verskillende Europese imperialiste het die natuurlike-volke die beste dele van hulle land aan die witman gegee. Hulle het hulle land gegee, hulle minerale bronne, hulle arbeid, hulle bloed en selfs hulle lewe.

„Hulle was ongelyke vennote in die oneerbare kontak van baas en kneg vir die afgelope 300 jaar. Daar is te veel natuurlikebloed verspil, nie alleen op die wêreld se slagvelde nie, maar ook in die strate van ons eie stede en op die vlaktes van Bulhoek, Bondelswars en selfs Witzieshoek.”

Griepepidemie Breek Uit In Engeland

'n Griepepidemie wat beskryf word as die ernstigste sedert 1918 het in Engeland uitgebreek waar dit dreig om oor die hele land te versprei. 12,000 van Manchester se bevolking van 700,000 was verlede week siek en die stad se openbare dienste was in 'n toestand van chaos.

In Liverpool het duisende mense gesterf vergeleke met die gemiddelde sterfte van ongeveer 200 per week. Trou- en doopplegtighede moes uitgestel word omdat die predikante en priesters aaneen besig was met begrafnisse. Teraardebestedings is in groepe van tot vyf waargeneem. Steenkoolproduksie in die noordweste van Engeland het aansienlik gedaal omdat 11,000 van die 57,000 mynwerkers verlede week siek was.

Berigte uit Frankryk dui daarop dat die epidemie ook daar uitgebreek het.

(vervolg van bl. 2 kol. 5)

Jammer vir die — Ministeries!

„Daar is 'n paar ministeries vir wie ek innig jammer kry, vir hulle wat moet omsien na die belange van die werknemers wat buite die staatsdienste val. Stel hulle die lewensduurte toe-lag op die regte kerf dan styg die stemme van afkeur uit alle oorde op. Sowel uit die kringe wat met toeslag geholpe is as uit die kringe wat die nuwe toeslag moet betaal; en les besvanuit die teenparty wat hom verantwoordelik moes gestel het vir toereikende loonvergoeding; dit nie gedoen het nie en toe as gevolg van 'n 15% ommeswaai in stemme hulself deur hulle onbesonnenheid uit die saal laat lig het.

„So styg die stemme op en die lawaai maak natuurlik die betrokke ministeries heeltemal magteloos.

„Die ander ministeries, wat nie lewensduurte op die regte of enige kerf moet vasstel nie, kan maar net sê: Hoekom sloerstaak julle; wag op die gunstige departementale balanse en kyk of ons langer op vaspenning sal bly aanstuur?”

KAPITALISTIESE STELSEL SKEP BELASTINGSLAWE

In die dagbladpers word berig dat Europese finansiers of geldskietters die Suid-Afrikaanse regering 'n lening van £10 miljoen tot selfs £20 miljoen aangebied het om die Oranje-Visrivier-besproeiingskema en ander besproeiingskemas in die Unie aan te pak.

Die Oranjerivierskema beteken dat 'n baie groot dam by Bethulie gebou word, wat met 'n kanaal verbind moet word met die opvanggebied van die Visrivier, sodat water beskikbaar gestel kan word vir besproeiing in die binneland.

Die aanbod van 'n lening is reeds aan die begin van verlede jaar gedoen. Die regering het toe geweier weens onaanneemlike voorwaardes aan die lening verbonde.

Die aanbod is onlangs herhaal, sonder die voorwaardes. Die regering het egter weer geweier met die verduideliking dat hy reeds te veel geld geleen het.

Dit word tans berig dat die aanbod binnekort vir die derde keer herhaal gaan word.

HULLE IS GRETIG

Mees opvallend in die berig is die gretigheid van die Europese finansiers om tot £20 miljoen aan die regering van Suid-Afrika te leen om hierdie reuse besproeiingskema aan te pak en deur te voer. Waarom is hulle dan so gretig om hierdie groot som geld te leen? Die antwoord is tweërlei.

In die eerste instansie sal die voltooië besproeiingskema as sodanig (afgesien van die volk

se nasionale bate) dubbeld en dwars die som van die £20 miljoen lening van die Europese finansiers word wees en met verloop van jare sal die waarde van die skema steeds styg en die lening derhalwe altyd veiliger maak.

In die tweede instansie sal die produktiwiteit van die skema genoegsame waarborg wees dat die volk van Suid-Afrika en meer bepaald die nedersetters langs die skema vir geslagte aaneen 'n enorme bedrag aan rente op die lening sal kan betaal. (Die regering kan die rente van die volk verkry in die vorm van belastinge sowel as in huur vir die besproeibare grond wat beskikbaar word).

RENTELAS

In die praktyk sal die verwezenliking van die skema ongetwyfeld beteken dat 'n geweldige bate vir Suid-Afrika tot stand gebring is, maar dit sal ongelukkig ook beteken dat daardie bate die volk se nasionale skuld met £20 miljoen verhoog het en dat die rentelas van die volk met £500,000 tot £600,000 per jaar toegeneem het. As die volk vir 'n korte veertig jaar op die skema rente betaal het, dan het hy reeds 'n bedrag aan die leners terugbetaal wat net so groot is soos die oorspronklike kapitale uitgawe.

Indien landbounedersetters as gevolg van die skema op een of meer plekke uitgelê word, sal die nedersetters 'n jaarlikse rentelas van meer as halfmiljoen pond moet dra — nog voordat hulle 'n pennie bestee het aan huise bou en boerdery-uitgawes. Solank as wat die swaare rentelas betaal moet word, kan die nedersetters op sodanige skema nie anders as om 'n wurgbestaan te voer nie. Trouens hulle boer dan in werklikheid om 'n deel vir die vreemde geldskietters.

Dit is hierdie rentelas wat die kapitalistiese stelsel op volke lê wat Adolf Hitler in sy beroemde vyf-en-twintig beleidspunte onderneem het om of te skaf. In vet letters het Hitler se program verklaar dat hy staan vir „die bevryding van die volk van renteslawerny.”

LANDSKULD

Dit word dikwels nie besef hoe swaar die rentelas is wat 'n volk moet dra nie omdat die bedrag wat die volk in direkte en indirekte belastinge moet betaal net om die rente op die nasionale skuld te vereffen nie bereken word nie. In 1950 was Suid-Afrika se nasionale skuld die reusebedrag van £717,766,000. Daarop moet die belastingbetalers jaarliks 'n rente van ongeveer £29 miljoen betaal — wat beteken dat elke lid van Suid-Afrika se blanke bevolking jaarliks ongeveer £12 aan rente op die landskuld moet betaal. In die praktyk beteken dit dat 'n gesinshoof, met vrou en drie kinders, elke jaar aan direkte en indirekte belasting £60 moet betaal net om die rente op sy land se nasionale skuld te help betaal. Watter

verligting sou dit nie vir die gewone man wees as die drukende rentelas van sy nek verwyder kan word nie.

DIE VERGELYKING

Dit was Adolf Hitler se beleid om onder geen omstandighede lenings aan te gaan vir die doeleindes van openbare werke nie. Onder sy bewind het die regering eenvoudig genoeg note laat druk om 'n bepaalde skema te finansier. Inflasie is voorkom deurdat hierdie note gedek is deur die werklike waardes wat hulle help skeep het. Per slot van sake watter verskil maak dit as die koste aan 'n bepaalde skema in die staat se boeke aangedui word deur skuldbriewe aan geldskietters of deur die staat se eie note-uitgifte. Vir die belastingbetaler is die verskil egter geweldig groot.

Laat ons die verskil aandui aan die hand van die Oranjerivier - Visrivier - besproeiingskema.

Onder die kapitalistiese stelsel sal die Suid-Afrikaanse regering skuldbriewe ter waarde van £20,000,000 aan Europese finansiers moet gee en die Suid-Afrikaanse belastingbetalers sal jaarliks meer as halfmiljoen pond aan rente aan daardie finansiers moet betaal — bes moontlik vir geslagte lank.

Onder Hitler se stelsel sal die Suid-Afrikaanse regering spesiale note laat druk ter waarde van £20,000,000, waarop geen rente betaal hoef te word nie. Hierdie note sal gedek word deur werklike waarde — die bepaalde besproeiingskema — wat inflasie geheel sal uitskakel.

SONDER SKULDLAS

Onder die kapitalistiese stelsel sal die volk van Suid-Afrika in veertig jaar £20,000,000 rente aan die Europese finansiers betaal het — dit is net soveel as wat hulle oorspronklik geleen het. En na die veertig jaar sal die volk nog steeds £20,000,000 skuld en nog steeds £500,000 rente te betaal.

Onder Hitler se stelsel sal die winste wat die skema afwerp gebruik word om die note wat spesiaal vir die skema gedruk is af te los en derhalwe uit sirkulasie terug te trek. As aan geneem word dat die jaarlikse wins van die skema slegs £500,000 is, dan beteken dit dat as jaarliks, vir 40 jaar, £500,000 van die spesiale note wat vir die skema gedruk is uit sirkulasie verwyder word, daar oor 40 jaar geen spesiale note meer in sirkulasie sal wees nie. Die volk van Suid-Afrika sal dan 'n waardevolle besproeiingskema hê, waarop hy nooit rente aan geldskietters betaal het nie en waarop hy ook geen kapitale skuld aan enige geldskietser het nie.

MOTORPAAIE

Hitler het hierdie ekonomiese stelsel met groot sukses gebruik tydens sy bewind in Duitsland. Die bekendste voor-

BLINDES SAL SOOS VLERMUISE PAD KAN VIND

Blindes sal binnekort in staat gestel word om met behulp van radar te „sien” op dieselfde beginsel as wat vlermuise — wat blind is — hul pad vind. 'n Instrument is ontwikkel in die vorm van 'n flits waarin die nodige elektroniese apparaat aangebring is wat 'n dun klankstraaltjie vooruit skiet wat die weerklank teen voorwerpe na die ore van die blinde terugkaats sodat hy presies kan vasstel wat in sy pad en rondom hom is.

Die tikklanke wat deur die kop van die „flits” uitgesend word, kan omtrent nie deur die persoon gehoor word nie, maar net die weerkaatsing teen vaste voorwerpe word deur sy ore opgevang. Op die wyse kan hy 'n muur langs hom gewaar en presies weet wanneer dit ophou en kan hy ook straattoorgange vasstel. In 'n vertrek vol meubels kan hy sy weg tussen die huisraad deur vind sonder om aan iets te stamp.

In 'n stil straat kan hy 'n posbus, pilaar of boom op 'n afstand van ses tree bemerk, terwyl 'n groter voorwerp verder gewaar kan word. Daar word

egter gevrees dat die toestel nie van veel nut in 'n lawaaierige straat sal wees nie, daar dit die gebruiker sal verwar.

'n Deskundige wat met die ontwerp van die toestel te doen gehad het, het verklaar dat dit nie vir alle blindes van nut sal wees nie. Die waarde daarvan lê veral in die hulp wat dit bied om mense wat op 'n gevorderde leeftyd blind word te leer om selfstandig hul pad te vind. Blinde mense, so verklaar hy, het 'n natuurlike radarstelsel deurdat hulle die weerklank van hul voetstaptes opvang en daarvolgens handel.

beeld van die aanwending van hierdie stelsel staan in verband met die netwerk van pragtige motorpaaie wat Hitler oor Duitsland laat span het. Hy het nie die geld vir padbou geleen by geldskietters nie, maar hy het dit gevind deur motorpad-note uit te gee. Binne rekord-tyd het die winste wat die verbeterde vervoerstelsel afgevoerp het die motorpad-note afgelos en laasgenoemde is toe geheel enal uit sirkulasie getrek. Op die manier het die Duitse volk vir homself — deur sy eie arbeid — 'n netwerk van motorpaaie gebou sonder om kapitale skuld daarvoor aan te gaan en sonder om ooit 'n rentelas daarvoor te dra.

Indien al die volke van die wêreld, met verloop van tyd, daartoe gekom het om Hitler se ekonomiese stelsel toe te pas, sou die kapitalisme finaal en onherroeplik doodgekwyn het. Maar Hitler is doodgemaak voordat hy die kapitalisme kon doodmaak.

Die kapitaliste van die wêreld is gretig om geld aan die volke van die wêreld te leen — sodat die belastingbetalers van daardie volke hulle renteslawe kan word.

KOSTE VAN OORLOE

Dit is verbysterend om te dink oor die geweldige toename in die rentelas wat volke na elke oorlog moet dra, omdat die nasionale skuld gedurende oorlogsjare op skouspelagtige wyse styg. Die voorbeeld van Brittanje is insiggewend. Die Amerikaanse Vryheidsoorlog het die

Britse landskuld met £120 miljoen laat styg; die Napoleoniese oorloë het dit nog £600 miljoen opgeskuif; en in die twintiger jare van hierdie eeu — ná die eerste wêreldoorlog — was die Britse landskuld in die buurt van £8,000 miljoen. Vandag word die landskuld nie meer in terme van miljoene ponde bereken nie, maar wel in terme van biljoene ponde.

Dit is die erfenis wat die kapitalisme in minder as 200 jaar aan die Britse belastingbetaler nagelaat het. Elke Brit is vandag 'n belastingslaaf. Hy moet meer as die helfte van elke pond wat hy verdien aan belasting betaal.

EKONOMIESE KNEGSKAP

Die kapitalistiese pers kan by geleentheid vreeslik te kere gaan oor politieke knegskap — of diktatuur. Maar dieselfde pers swyg wanneer hy ekonomiese knegskap — of kapitalisme moet verdoem. In die maande en in die jare wat voorlê, gaan dit steeds duideliker word dat die Westerse volke wat die demokrasie as politieke stelsel volg en die kapitalisme as ekonomiese stelsel, eers dan geestelik voorbereid gaan wees om die kommunisme te beveeg, wanneer die demokratiese politieke stelsel op so 'n wyse hervorm is dat die volke as sodanig ook beheer kry oor hulle ekonomiese wel of wee.

Maar dan moet die kapitalisme eers vervang word met 'n nasionale ekonomiese stelsel.



Waar u ook
mag wees

Kommando

is die gewildste
Suid-Afrikaanse sigaret



Soos Ons Lesers
Dit Sien

Ryksbande Verstewig

„Los van Engeland”, Johannesburg, skryf:

Die sending van minister Eben Dönges na Londen herinner aan die skepping van die Empire-republiek deur dr. Malan, Attlee en Nehru sodat Indië binne die familiekring van Statebondsvolkere kan bly tot voordeel van Engeland en selfs al tot bespotting van die Bolsjewiste. Noudat Pontecorvo met atoomgeheime hom agter die yster Gordyn bevind, soos deur die pers onlangs bevestig, en die Rooi golf vinnig oor die verdeigers van „demokrasie” in Korea spoel, moet mos weer wapens teen die pestilensie uit die Ooste gesmee word — weer tot voordeel van Engeland met sy twee kommunisties-gesinde bekleeders van sleutelposisies in sy kabinet.

Afgesien van die belangrikheid dat Suid-Afrika periodiek aan beraadslagings, deur promotor Attlee gereël ter verstewiging van ryksbande, deelneem, vind ons dat ons verteenwoordiger daar saam aan een tafel van die Britse koning met Nehru en Ceylon se verteenwoordiger eet. Dit herinner my aan 'n insidentjie kort gelede in die Goudstad. Ek moes aanhoor hoedat drie kleurlingklonkies onder mekaar spot met apartheid en een die ander uitdaag om blanke vroue te stamp op straat, natuurlik onder die oë van die polisie uit.

Dis duidelik dat sodra verhoudings tussen rasse op party-politieke terreine gebring word die doel verongeluk word. Ek pos 12/6 vir nog 'n jaar se intekenfooi op Die O.B. ter bevordering van 'n republiek los van Engeland en die susters-volkere, met beplanning van ons eie buitelandse beleid en territoriale apartheid.

Rhodesië — Gesteun Uit Durban — Lê Taalbeleid Neer Vir Afrika

Hoewel die standpunt van 'n groot deel van die Engelssprekende bevolking en die Engelse pers in die Unie 'n groot verandering in sy houding teenoor Afrikaans in die jongste jare begin openbaar het, is daar in die Unie nog 'n harde kern van Engelse wat geen tyd vir Afrikaans het nie, terwyl die amptelike beleid van ons buurstaat, waar die Afrikaner-element byna 'n kwart van die blanke bevolking uitmaak, 'n besondere vyandigheid openbaar teen ons taal.

Durban het nou einde en ten laaste sover gekom om die Afrikaanse inwoners van die stad ten minste in hul eie taal te vra om hul geld. Met meerderheid van stemme is naamlik besluit om voortaan die water- en elektrisiteitsrekening ook in Afrikaans te druk. Teen hierdie voorstel het drie stadsraadslede gestem. Een van hulle, mnr. E. L. Black, het gesê dat dit nooit die bedoeling van unifikasie was dat plaaslike owerheden alle dokumente in albei amptelike tale moes druk nie. „Indien ons die Afrikaanse minderheid in Durban die reg toestaan om rekenings in hul taal te ontvang, wat van die Indiërs wat net soveel as die blankes

is? Die naturelle is sekerlik geregtig daarop om hul rekenings in Zoeloe te ontvang. Durban sal weerstand moet bied of so nie sal hy hom op gevaarlike grond bevind.” Aldus hierdie „Suid-Afrikaner” wat onder die bestaande staatsstelsel seggenskap het oor die beleid van 'n groot Suid-Afrikaanse stad.

RHODESIE

Aan die einde van verlede jaar het 'n afvaardiging die Rhodesiese minister van onderwys versoek om Afrikaans as 'n keuse-vak vanaf die substandaard in te voer. Dit is geweier onder meer met die verskoning dat die regering voel „dat niks gedoen behoort te word wat mag inmeng met die vrye omgang van die twee groepe nie wat so uiters wenslik is indien almal Rhodesiërs wil wees en een amptelike taal gebruik.”

Hierdie standpunt is deur die Sunday Mail in 'n hoofartikel verder onderstreep waar hy beswaar maak teen die gebruik van die term „Rhodesiese Afrikaners”. Hy verklaar:

Soos die Eerste Minister gesê het, is almal welkom in die kolonie wat bereid is om Rhodesiërs te word en die verantwoordelijkheid van Rhodesiese burgerskap, insluitende die Engelse taal, te aanvaar. Ons het geen Rhodesiese Engelse, Rhodesiese Skotte, Rhodesiese Walliërs nie; hulle is eenvoudig net Rhodesiërs. En dit pas nie dat Afrikaanssprekende Rhodesiërs hulself as 'n ras apart gaan beskou, bekend as Rhodesiese Afrika-

ners, en sodoende, spesiale eise aan die land as geheel stel nie.”

TWEE MATE

Die Afrikaners in Rhodesië maak byna eenkwart van die bevolking uit. Die Engelse regering het geen konsiderasie vir hierdie groot volksgroep wie se baanbrekers 'n groot rol gespeel het in die makmaking van die land nie. Die beleid daar is dat hulle met die Engelse moet versmelt tot een Engelse taalgroep. In die Unie waar die Engelssprekendes se verhouding nouliks 15% gunstiger is as dié van die Afrikaners in Rhodesië teenoor die meerderheidsgroep, word die reg van Engels as taal so sterk aanvaar dat Engelse koerante selfs 'n bohaai maak wanneer eenjarige Engelse in die staatsdiens nie bevorder word nie, en spreek 'n stadsraadslid selfs die mening uit dat Zoeloe en Afrikaans ewe min reg het om op staatsrekenings te verskyn.

Op grond waarvan word gelike regte aan die Engelse minderheid in die Unie verleen? Op grond van praktiese oorwegings weens die feit dat die Engelse groep 'n aansienlike deel van die bevolking uitmaak, of op grond van die Britse aggresie in Suid-Afrika — 'n daad wat in elk geval onder Britse leiding self sedert Neurenberg van alle regs krag wat dit kon besit het, gestroop is?

VOORBEELD

Dit sal vir die Engelssprekendes in die Unie, uit wie se kringe by meer as een geleentheid in die jongste tyd vrees uitgespreek is oor die toekoms van Engels, raadsaam wees om hul taalgenote oorkant die Limpopo tot versigtige optrede aan te maan. Rhodesië mag eerlang, wanneer die bevolkingsverhoudings daar met dié van die Unie groter ooreenkomstig vertoon, deur Afrikaners in die Unie as maatstaf aanvaar word vir die reëling van taalverhoudings. Daar kan nie verwag word dat diskriminasie teen Afrikaners in 'n buurstaat nie sy terugkaatsing in die Unie sal hê nie, veral nie wanneer Engelssprekendes in verantwoordelike posisies hier in die Unie ook hul stuiwer in die beurs van aanstoot werp nie.

Jode Verontrus

Op voorstel van mnr. Barnett Janner, 'n Joodse lid van die Britse parlement, het die Britse Jewish Board of Deputies, die volgende besluit oor Duitse herbevestiging aangeneem:

„Die Raad van Afgevaardigdes van Britse Jode is ernstig verontrus oor die herbewapening van Oos- en Wes-Duitsland. Die Raad is oortuig daarvan dat die bestaan van die herbevestiging van 'n Duitse leër of leërs, verraad is teenoor die miljoene Jode en nie-Jode wat deur die Nazis gedood is.”

Empire Beoog Groter Eenheid

Die Britse Empire-konferensie (of Empire-eenheidskomitee) het na 'n tiendaagse sitting verlede Vrydag uiteen gegaan. In sekere opsigte het dit onderlinge verskille aan die lig gebring en in ander opsigte gaan dit hefter aaneenskakeling ten gevolge hê.

Uit die verrichtings het dit geblyk dat die Asiatiese lede (Indië, Pakistan en Ceylon) nie van plan is om hul gewig by die Weste in te werp wanneer oorlog uitbreek nie. Waar die wêreldtoestand die hoofbesprekingspunt was, het hierdie lande hul grootste bydrae gelewer om 'n beleid van versoening teenoor Rusland en Sjina te probeer bewerkstellig — 'n beleid wat die Britse Empire-lande inderdaad ook in die V.V.O. laat geld het en wat hulle self beskryf as 'n goue middeweg.

Op een stadium het die blanke lede van die Empire se politieke en militêre verteenwoordigers beraadslaag oor die militêre aspek van die beleid om die Midde-Ooste te verdedig. Die taak om hierdie wêrelddeel te verdedig is meer bepaald opgedra aan Suid-Afrika, Australië en Nu-Seeland. Hoewel Indië, Pakistan en Ceylon teenwoordig was toe die beleid om die verdediging van die Midde-Ooste waar te neem, bespreek is, het hierdie drie lande nie deelgeneem aan die bespreking van die verdedigingsplan nie omdat hulle nie van plan is om aan 'n oorlog teen Rusland deel te neem nie.

VERSOENEND

Wel het hierdie lande, veral onder leiding van Pandit Nehru, hul invloed gebruik om die Empire 'n versoenende houding teenoor Rusland en Sjina te laat aanneem. Daar is dan ook aangekondig dat die eerste ministers van die Empire hulself gebind het om hulle te beywer vir die vrede van die wêreld en dat hulle enige doenlike reëling sal verwelkom vir 'n samespreking tussen leiers van die Weste en Stalin en Mao Tse Toeng om die vrede te verseker.

In die verklaring wat uitgereik is, word beklemtoon dat die Empire „oor al die vastelande en oseane van die wêreld strek”, en dat die Empire-konferensies hulle in staat stel om besondere kennis op te doen en hulle „'n buitengewone gevoel van verantwoordelijkheid” verskaf. „Ons moet doen wat ons kan om diegene wat van ons verskil te probeer verstaan.”

Indien die Empire-voormanne hiermee bedoel dat verdere pogings aangewend moet word om Josef Stalin en Mao Tse Toeng se standpunte te verstaan, dan is die Empire besig om die wêreld nog verder aan Moskou uit te verkoop soos hulle Europa en Asië reeds klaar aan Stalin present gegee het.

EMPIRE-EENHEID

Gelukkig bestaan daar verskil van mening oor die erkenning van die Kommunistiese bewind in Sjina en die toelating van Sjina tot die V.V.O. Australië,

Nu-Seeland en Suid-Afrika se standpunt is dat solank Sjina voortgaan met sy agressiewe optrede hy alle aanspraak op erkenning en lidmaatskap verbeur. In hoever hierdie meningskloof oorbrug is, is nie in die finale verklaring bekend gemaak nie.

Hegter eenheid van die Empire op ekonomiese gebied is deur die konferensie in Londen gesmee. Hulle het ooreengekom dat daar 'n noodsaaklikheid bestaan vir „nouer en meer gereelde raadpleging tussen die Statebondslende ten opsigte van alle sake van voorraad en produksie.” „Hulle het ooreengekom om by hul onderskeie regerings aan te beveel dat die bestaande Statebondsmasjinerie vir raadpleging oor ekonomiese aangeleenthede vir die doel versterk moet word.”

Hoërhuis Ontbind

Op 31 Desember 1950 is die Nu-Seelandse Hoërhuis (gelykstaande met Suid-Afrika se Senaat) formeel ontbind — omdat hy, in die woorde van die Eerste Minister „sy nuttigheid uitgedien het.”

Die Senaat in Suid-Afrika het ongetwyfeld ook sy „nuttigheid uitgedien.” Hy is slegs 'n duur en oorbodige dubbelganger van die Volksraad. Dit sou baie beter wees om die Senaat stilweg te ontbind en in sy plek 'n Raad van Beroepsverteenvoorders te stel.

Somertabberds

In Hul
Heldere
Patrone
BY

Steyns

DIE MODEWINKEL

Parow

L.V.'S EN LEWENSKOSTE

(Vervolg van bladsy 1 kolom 4)

jaar. Ons het eenvoudig hierdie bedrag afgerond op £150 en het dit geneem as 'n bilike bedrag om aan parlementslede te betaal ten opsigte van die huidige sitting.”

Benewens die gewettigde vrystelling van belasting van 70%, is parlementslede nog geregtig om sekere aftrekkings van hul salaris te maak wanneer hulle hul inkomstebelastingvorms invul. Altans, dit is af te lei van 'n uittaling wat indertyd deur mnr. Eric Louw gedoen is. Parlementslede het gevra dat ten opsigte hiervan bepaalde voorskrifte aan die Kommissaris van Inkomste gegee moes word. Mnr. Louw het toe gesê:

„Ek meen dat hier het jy 'n kwessie van diskresie, want ek het al gevalle gehad waar ek vertoë gerig het in verband met sekere aftrekkings en waar die Kommissaris van Inkomste dit toegelaat het.” Hansard no. 8 van 1945 kol. 3735).

DIE VERGELYKING

In hoever die Kommissaris van Inkomste vandag nog gebruik maak van hierdie „dis-

diskresie” om bepaalde uitgawes van parlementslede van belasting vry te stel, is 'n saak waarvoor laasgenoemdes seker nie te openhartig sal wees nie.

In elk geval is die posisie vandag so dat ministers met die oog op die verhoogde lewenskoste 'n bykomende £75 en gewone parlementslede 'n bykomende £29/10/- per maand ontvang teenoor die £17/6/8 per maand in die geval van getroude staatsamptenare en £6/18/8 in die geval van gewone werknemers. Ongetroude parlementslede — en daar is diesulkes — verkeer in 'n nog groter bevoorregte posisie as ongetroude staatsamptenare.

Dit is 'n wanverhouding wat nie net in die ooglopend is nie, maar wat in die lig van die beswaar van mnr. Sullivan nie 'n gunstige beeld van ons wetgewers gee nie — dié mense wie se taak dit nie alleen is om die lewenskoste te bekamp nie en wat inderdaad stemme gevra het vir die doel, maar wat ook voorskryf tot watter mate die gewone burger vergoed moet word vir die vermindering in waarde van sy geld.